# Hoofstuk van die dag: Hosea 14

> *Kom met julle woorde en keer terug na die Here. Sê vir Hom: "Vergewe ons sondeskuld volkome, aanvaar ons belydenis; ons*

*wil met die vrug van ons lippe vergoed." (vers 3, 2020-vertaling)*

Israel was tot niet. Assirië het reeds die land beset. Talle mense is weggevoer in ballingskap, en dié woorde van die Here is aan die mense van Israel gerig wat na Juda gevlug het. Nog steeds is daar vir hulle 'n geleentheid om terug te keer!
Maar hierdie keer moet hulle dit anders doen. In plaas daarvan om God te probeer paai met leë, formele offers waarin hulle hart nie is nie, moet hulle terugkeer met opregte berou en toewyding. Hulle moet dit met woorde doen (vers 3), deur 'n belydenis van skuld oor die drie groot dwalings: hulle vertroue op buitelandse hulp, hulle eie militêre krag en hulle afgodsdiens. En hulle moet ook erken dat daar net by die Here ontferming te vinde is (vers 4).
Die Here se uitnodiging sluit ook 'n belofte in. Hy sal hulle ontrou genees en van hulle harte liefhê en versorg (vers 5-9).
Hierin hoor ons die hart van God klop, ook vir ons. By die Here is daar troue liefde, by Hom is die verlossing seker, sê Ps 130:7.

*Naskrif*: Môre begin ons met die Evangelie volgens Johannes.


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien

© Bybelkoerant 2018 – 2026